**29 Maart**

**Skrifgedeelte: Johannes 9**
**Fokusgedeelte: Johannes 9:35-43**

### Die keuse tussen blindheid en sig

Jesus het as Seun van die mens (Dan 7:13, 14) na die wêreld gekom om ons almal voor ’n beslissing te stel. Die man wat blind gebore is, het gehoor, gesien en buig in diepe aanbidding voor Jesus. Hy word ook genees van sy geestelike blindheid. Die Fariseërs met ’n mensgemaakte godsdiens, reken hulle sien, maar bly geestelik blind. Wat hulle van Jesus sien en hoor, dring eenvoudig nie deur nie. Dit is ’n fatale mistasting (Luk12:47; Joh15:27)!

Wat is jou verhouding met Jesus? Ons kan getroue lidmate van die kerk en godsdienstig baie besig wees, maar dit beteken nie noodwendig dat ons geestelik sien nie. Geloof in die Seun van die mens gaan nooit buite die Woord om nie. Slegs as ons onbevange luister na wat God sê en dit van harte aanvaar, kan ons sê dat ons sien (Joh 5:24). Dit verg biddend luister en voortdurend studeer.

*Sing: Psalm 146:3, 6*

*Ds. APC Duvenage (Emeritus)*